
GELOOF FAITH

In Die Woord In The Word



Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411

WEBSITE: www.stangerchristiancentre.co.za E-MAIL:stangerchristiancentre@gmail.com

EN NOU BLY GELOOF,HOOP,LIEFDE – HIERDIE DRIE: MAAR DIE GROOTSTE HIERVAN IS DIE LIEFDE

(1 Kor. 13:13)

Soos ek deur die jare in die weë van die Here gegroei het, en nou in my goue jare is, kan ek terug kyk en oordink en oorweeg wat ek as die belangrikste faktoor in die lewe beskou – EN DIT IS ONVOORWAARDELIKE LIEFDE. Toe die Fariseër Jesus gevra het **"wat is die grootste gebod in die wet?" Jesus antwoord hom: "Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die grootste en eerste gebod. En die tweede, wat hiermee gelykstaan, is: 'Jy moet jou naaste liefhê soos jouself'. In hierdie twee gebooie is die hele wet en die profete saamgevat." Matt. 22:37-40.**

God het nie net liefde nie, maar HY IS LIEFDE. Ons lees in 1 Joh. hoofstuk 4: **Hy wat nie liefhet nie, het God nie geken nie, want God is liefde. Hierin is die liefde van God tot ons geopenbaar, dat God Sy eniggebore Seun in die wêreld gestuur het, sodat ons deur Hom kan lewe.Hierin is die liefde: nie dat ons God liefgehad het nie, maar dat Hy ons liefgehad het en Sy Seun gestuur het as 'n versoening vir ons sondes. Geliefdes, as God ons sò lief gehad het, behoort ons ook mekaar te hê. Niemand het God ooit aanskou nie. As ons mekaar liefhet, bly God in ons en het Sy liefde in ons volmaak geword.Hieraan weet ons dat ons in Hom bly en Hy in ons, dat Hy ons van sy Gees gegee het. En ons het aanskou en ons getuig dat die Vader die Seun as Verlosser van die wêreld gestuur het. Elkeen wat bely dat Jesus die Seun van God is – God bly in hom, en hy in God. En ons het die liefde wat God tot ons het, leer ken en geglo. God is liefde, en hy wat in die liefde bly, bly in God, en God in hom. (1 Joh. 4:8-16)**

God se liefde kan nie beinvloed word nie.God se hele natuur is liefde. God se hart is liefde. *Daar is geen kwaliteite of eienskappe wat God se liefde kan aantrek na die voorwerpe wat Hy liefhet nie.*

Dit is 'n belangrike stelling – lees dit weer, asb. Want ons is tog Sy skepping en het weens sonde eintlik afstootlik geword vir Sy Heiligheid. Hy het ons lief om Homself: OMDAT HY LIEFDE IS.

Wanneer ons 'n ander persoon liefhet is dit gewoonlik omdat ons iets aantrekliks in hom vind; hy vind byval by ons. Maar ons het niks om by God mee byval te vind nie. Tog KIES Hy om ons lief te hê: dit is Sy soewereine wil, tenspyte van wat die mens is of gedoen het. Soos vir Israel van ouds, sê Hy vandag nog vir die mens: **Die Here het 'n welgevalle aan julle gehad en julle uitverkies nie omdat julle meer was as al die ander volke nie, want julle was die geringste van al die volke. (Deut. 7:7)**

God het ons van ewigheid af lief daarom kan niks aan 'n persoon die oorsaak wees van wat in God was van die Begin af nie. **Ja, Ek het jou liefgehad met 'n EWIGE liefde.... (Jer. 31:3)**

Hy het ons liefgehad toe ons nog teenoor Hom vyandig gesind was, en sò het Hy reeds Sy eie gebed nagekom wat lui dat ons ons vyande moet lief hê.

... maar God bewys Sy liefde tot ons daarin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was (Rom. 5:8-10)

Ons het God lief OMDAT HY ONS EERSTE LIEFGEHAD het (1 Joh. 4:19) Hierdie eienskap van God, nl. Sy Liefde, is een van Sy oodraaglike eienskappe aan SY Kinders. Nie al God se eienskappe is oordraaglik nie. Hy is bv. Alomteenwoordig, alwetend en almagtig: sò kan Sy Kinders nie wees nie. Maar Sy Kinders besit wel Sy Liefde. Dit is die *agapè* liefde, Goddelike liefde, die Godsoortige liefde. Daarom kan die gelowige ook KIES om lief te hê, en hoef nie te wag vir iets in sy medemens om by hom byval te vind voordat hy hom kan liefhê nie. **..... omdat die liefde van God in ons harte uitgestort is deur die Heilige Gees wat aan ons gegee is. (Rom 5:5)**

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - En nou bly geloof…)

Kyk weer na Jer. 31:3: **Ja, Ek het jou liefgehad met 'n EWIGE liefde…..** GOD SE LIEFDE IS EWIG!

As God ons kon liefhê toe ons nog sondaars was, vyande van die Kruis, kan ons verseker wees dat Hy sal aanhou om ons lief te hê. God is EWIG daarom is Sy LIEFDE EWIG. Wanneer jy dit besef dan twyfel jy nooit aan God se Liefde vir jou nie. Dan, wanneer 'n krisis kom, dink jy nie dat God jou nie meer liefhet en Sy liefde van jou af onttrek is nie. Sy Liefde is dan EWIG! 'n Vader en 'n moeder onttrek nie hulle liefde van hulle stout kind af nie, en God se Vaderliefde vir ons is tog soveel GROTER as die van 'n aardse ouer vir sy kind. Die omgang tussen die ouer en die kind is wel versteur, maar die verhouding is nie verbreek nie. God is EWIG daarom is Sy LIEFDE EWIG!

Emosie is 'n aspek waar die meeste mense baie verwar raak oor liefde. Ons het slegs 'n konsep van menslike liefde wat verander met gevoelens en omstandighede. God se Liefde verander nooit. Goddelike liefde (Grieks: agapè), soek altyd die welsyn en voordele van ander: dit GEE altyd.

Die mens se liefde is op 'n emosionele vlak, maar op onstabiele emosies kan jy nie 'n verhouding bou nie – gevoelens is misleidend.God se liefde is nie op en af nie: Hy het Sy liefde met Sy dade bevestig. Ons was sondaars wat die hel verdien het. God het GEKIES om ons lief te hê.

Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun GEGEE het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê. (Joh. 3:16)

En dit het nie gebeur omdat Hy een oggend goed gevoel het en gesê het: "Ek voel lus om daardie sondaars te red nie." Nee, Hy het GEKIES om ons van ewigheid tot ewigheid lief te hê. Sy liefde is heilig, nie slap en na willekeur nie, dis standvastig en regverdig.

God se liefde kan net deur die innerlike van die mens begryp word. Ons lees in **Ef. 3:16-19: … dat Hy aan julle mag gee na die rykdom van Sy heerlikheid om met krag versterk te word deur die geloof in julle harte kan woon, julle wat in die liefde gewortel en gegrond is, en julle in staat kan wees om saam met al die heiliges ten volle te begryp wat die breedte en lengte en diepte en hoogte is, en die liefde van Christus te ken wat die kennis oortref, sodat hulle vervul kan word tot al die volheid van God.** Vers 16 praat van die "innerlike mens" en vers 17 sê: ….**julle wat in die LIEFDE gewortel en gegrond is. Vers 18 en 19: en julle in staat kan wees om saam met al die heiliges** (wedergebore, Geesvervulde Kinders van God) **TEN VOLLE TE BEGRYP wat die BREEDTE en LENGTE en DIEPTE en HOOGTE is, en die LIEFDE van Christus TE KEN wat die kennis oortref, sodat julle vervul kan word tot al die VOLHEID VAN GOD.**

Die Kind van God is dus geplant in hierdie liefde wat alle kop kennis oortref, en jy kan dus die volle dimensie van hierdie LIEFDE BEGRYP: die breedte, lengte, diepte en hoogte daarvan.

Wanneer jy volgens hierdie liefde optree en wandel, beweeg jy in die VOLHEID van die geestelike realme. So bring jy die liefde van God in jou omstandighede in. As jy nie in hierdie liefde lewe nie, begryp jy nie die liefde van God nie. Jy mag 'n paar Skriftekste ken, maar jy BEGRYP hierdie Goddelike liefde wanneer jy dit in die praktyk toe pas.

God se liefde is perfek – want ons het in Ef. 3:18 (hierbo) gelees van die begrip wat God se Kind kan hê van die breedte, lengte, diepte en hoogte van Sy liefde. As ons die diepte en hoogte as een sy van 'n blokkie (kubus) kan neem, vind ons die ander twee sye is die lengte en breedte. Vir die Hebreeuse denkwyse simboliseer die eweredigheid van die kubus VOLMAAKTHEID (perfektheid, volkomenheid) So sien ons dat in Moses se tabernakel die Aller Heiligste 'n kubieke maat gehad het (el). In Salomo se tempel was dit ook die geval, maar net groter. Kyk na die mate van die Hemelse Stad van Openb. 21:16.

God se liefde besit so 'n VOLMAAKTHEID. Kom ons ondersoek dit.

Die Kruis is die hoogste uitdrukking van God se liefde.Die omstandighede van Jesus Christus se dood illustreer vir ons die breedte, lengte, diepte en hoogte van God se Liefde.

Die BREEDTE: **En daar was ook 'n opskrif bokant om geskrywe in Griekse en Romeinse en Hebreeuse letters: HY IS DIE KONING VAN DIE JODE. (Luk. 23:38)**

Hebreeuse was die godsdienstige taal van daardie tyd, Grieks die kulturele taal en Latyn die taal van die gereg. Die drie tale was nie net simbolies van die hele spektrum van die samelewing nie, maar van die ganse aarde, en almal was saamgevat op die Kruis. Die ganse mensdom was hier ingesluit: Die BREEDTE van die Liefde van God.

Die LENGTE **:…..en omtrent die negende uur het Jesus met 'n groot stem geroep en gesê: Eli, Eli, lama sbagtani? Dit is: My God, my God, waarom het U My verlaat? (Matt. 27:46)**

Hier het God Sy Seun verlaat. Dit is die LENGTE waartoe die liefde van God gegaan het om die mens te red. Sy Seun het sonde vir ons geword, en die ewige straf in ons plek gedra.Kan jy sien hoe dwaas dit is om te redeneer dat God ons oordeel vir ons sondes wanneer ellende ons oorval?! Jesus was klaar geoordeel aan die Kruis vir ons sonde van gister, vandag en more.

… en die bloed van Jesus Christus, Sy Seun, reinig ons van alle sonde. (1 Joh. 1:7)

Die DIEPTE: **En toe hulle op die plek kom wat Hoofskedel genoem word, het hulle Hom daar gekruisig, en die kwaaddoeners een aan die regter – en een aan die linkerkant (Luk. 23:33)**

En Jesus antwoord hom. Voorwaar, Ek sê vir jou, vandag sal jy saam met My in die Paradys wees. (Luk. 24:43) Die DIEPTE van God se Liefde reik tot by die dief, die modenaar…..

Die HOOGTE van God se liefde lig die sterwende oortreder. Die uitgeworpene wat die mens verwerp, is vir God steeds kosbaar. Ek het 'n Engelse uitdrukking gehoor wat lui: "Jesus takes us from

(Vervolg op Bl. 3)

(Vervolg vanaf Bl. 2 - En nou bly geloof…)
the guttermost (slootdieptes) to the uttermost (die hoogste hoogtes)" Dis presies wat God se liefde vir die mens doen.

Christus Jesus aan die Kruis is die manifestasie van God se Liefde: dit is die sentrale openbaring van die Liefde van God.

(As jy nog nie ons boekie DIE NAGMAAL EN GENESING gelees het nie, kan jy gerus dadelik vir jou 'n kopie bestel. Dit sal vir jou 'n insig gee van wat Jesus aan die Kruis gely het en hoe jy daardeur kan LEWE)

GOD VERLANG (EIS) DAT ONS IN HIERDIE LIEFDE MOET WANDEL.

Ons weet dat volgens Matt. 22 is die EERSTE en TWEEDE GEBOD van God: LIEFDE. Maar Hy gee nooit vir ons 'n opdrag wat Hy nie reeds uitgevoer het nie. In Ef. 5:1 en 2 word ons soos volg beveel:

Wees dan NAVOLGERS van God soos geliefde kinders, en WANDEL IN LIEFDE, soos Christus ons ook liefgehad het en Hom vir ons oorgegee het as 'n gawe en offer aan God tot 'n lieflike geur.

Liefde moet vir God se Kinders 'n lewenswyse wees, soos dit vir Christus was.

'n Nuwe gebod gee Ek julle, dat julle mekaar moet liefhê, soos Ek julle liefgehad het, moet julle ook mekaar liefhê (Joh. 13:34)

Wees aan niemand iets verskuldig nie, behalwe om mekaar lief te hê, want hy wat 'n ander liefhet, het die wet vervul (Rom. 13:8)

Die Here het gesê dat Hy ons 'n NUWE gebod gegee het. Wat was NUUT daaraan? Jesus Christus het met Sy lewe en sterwe dit aan ons gedemonstreer, met ander woorde, Hy het vir ons gewys HOE ons moet lief hê. Ons moet Sy navolgers wees. Aan die Kruis het Jesus vir Sy modenaars gebid, "Vader vergewe hulle....."

Hoe het Hy liefgehad? Hy het diegene liefgehad wat nie Sy Liefde werd was nie, Sy vyande: Hy het tot vir hulle gesterf. Hy het ander se laste gedra. Nou sal jy miskien sê dat jy nie God is nie – hoe kan jy dan so liefhê.

Kom ek wys vir jou twee interessant tekste.

2 Pet. 1:3-4: Immers, Sy goddelike krag het ons alles geskenk wat tot die lewe en godsvrug dien deur die kennis van Hom…. Sodat julle daardeur DEELGENOTE kan word van die goddelike natuur…

As Kinders van God het ons DEELGENOTE geword van Sy Goddelike Natuur, en Sy Natuur is Liefde. ONS KAN DUS LIEF Hê SOOS HY LIEFHET.

Rom. 5:5: …. Omdat die liefde van God in ons harte uitgestort is deur die Heilige Gees wat aan ons gegee is.

As Kinders van God ,wedergebore en Geesvervuld, is GOD SE LIEFDE UITGESTORT IN ONS HARTE. Is jy Geesvervuld? Dan vloei God se Liefde in jou hart, en nooit kan jy sê jy kan nie iemand lief hê nie. Soos dikwels in huwelike.

Jesus Christus het GEKIES om Sy Liefde aan die Kruis te demonstreer. As Kinders van God moet ons Sy navolgers wees en KIES om lief te hê – emosies is 'n bonus!

Agapè liefde faal nooit. Soos God se liefde in 'n situasie en in 'n ander persoon se lewe in gebring word, word verandering bewerk. NIKS IS VIR GOD ONMOONTLIK NIE! Jy mag miskien uitroep: "Ek het al twee, drie – maal probeer, en nog niks vermag nie!" Wanneer jy liefde saai, kom die oes nie dadelik nie – so is dit ook in die natuur. Miskien gaan jy eers later die oes insamel, MAAR DAAR GAAN 'N OES WEES! Hoeveel mense verwerp nie vir baie jare God se liefde nie, en dan skielik op 'n dag oorweldig dit hulle.

Geloof en liefde gaan hand-aan-hand. Jou liefdesdaad is 'n geloofsdaad. Jy stel jou geloof vry as jy liefde demonstreer. Liefde is nie WOORDE nie, maar wel OPTREDE.

Ons lees in**: 1 Joh. 4:16-19: En ons het die liefde wat God tot ons het, leer ken en geglo God is liefde, en hy wat in die liefde bly, bly in God en God in hom.**

Hierin het die liefde by ons volmaak geword, dat ons vrymoedigheid kan hê in die oordeelsdag, want soos Hy is, is ons ook in hierdie wêreld.

Daar is geen vrees in die liefde nie, maar die volmaakte liefde dryf die vrees buite, want die vrees sluit straf in, en hy wat vrees, het nie volmaak geword in die liefde nie.

Ons het Hom lief, omdat Hy ons eerste liefgehad het. Liefde verdryf die duiwel!

Goddelike Liefde verdryf vrees omdat dit volmaak is. Omdat liefde die teenoorgestelde is van Satan se karakter, vlug hy daarvoor weg. Satan bring vrees, maar hy vlug as jy God se Liefde in omstandighede inbring. Om in liefdeloosheid op te tree, is om met die duiwel saam te werk, maar om lief te hê is om met God saam te werk. As jy volhou om te haat verbitter en hardkoppig en vol rebellie te wees, is jy net soos die duiwel en hy voel tuis by jou. Wanneer jy soos 'n navolger van God in liefde optree, verdryf jy die duiwel.

Onthou KIES om lief te hê en TREE OP. Vra God HOE jy liefde in 'n saak kan demonstreer – Hy sal vir jou wysheid gee. (Jak.1:5)

Ek vertrou dat hierdie waarheid oor die LIEFDE VAN GOD jou sal help om eerstens NOOIT WEER aan Sy Liefde vir jou te twyfel nie, en tweedens, jou aangemoedig om voortdurend IN LIEFDE teenoor jou medemens te lewe, of jy nou daarna voel of nie!

Ek sluit af met 'n uitstekende belydenis oor LIEFDE. Jy kan dit dikwels vir jouself, vir God en die duiwel, herhaal en GLO dit met jou hart. Anders is dit 'n ydele herhaling van woorde wat niks bereik nie!

Ek is die tempel van God. Dit beteken dat ek 'n tempel van liefde is: 'n heilige gebou, 'n geestelike huis. Ek is die woonplek van God. Dit beteken dat ek 'n liefdehuis is: 'n houer van liefde. Liefde woon in my. Ek is 'n liefdeskind. Ek dien 'n God van Liefde.

Die liefde van God vloei ongehinderd deur my. Dit is Goddelike Liefde. Ek kan hierdie liefde nie wegsteek of keer nie, daarom vloei dit van my uit. Ek gaan in hierdie liefde van God waar ek ookal gaan en dit maak nie saak wat ander aan my doen of hoe liefdeloos

(Vervolg op Bl. 4)

*(Vervolg vanaf **Bl. 3**—En nou bly geloof...)*

hulle teenoor my is nie, ek KIES om hulle lief te hê en ek bevestig my keuse met my DADE. □

"FOR UNTO US..."

Who has ascended into heaven, or descended? Who has gathered the wind in his fists?

Who has bound the waters in a garment? Who has established all the ends of the earth?

What is His name, and what is His Son's name, if you know? Proverbs 30:4

The Jewish people have a history that resembles the ups and downs of a roller-coaster ride. The golden years are memorable highs, while the low and dark times are filled with sadness which sometimes seem to haunt those more honourable memories. True, what nation hasn't had its share of the roller-coaster experience.

One very significant difference between the Jewish people and any other nation, however, is that they have an agenda. The roller-coaster ride has a purpose. The Jewish people are on a specified course. Contrary to popular thought, it is not a self-justifying agenda engineered by a people seeking to gain independence and power. It is a agenda that is initiated and motivated by God. The God of Abraham, Isaac and Jacob chose a special people for Himself in order to make Himself known to all of mankind!

The Jewish people alone await the arrival of the Messiah. No other nation awaits the appearance of such a Majestic Person. He will, according to the promises made to them, provide salvation for the Jewish people and the whole world. According to the prophets He will establish a kingdom on earth that everyone will enjoy and in which everyone will prosper.

This is unique. No other people on earth have such an agenda. The Jewish people alone will hail the arrival of this King Messi-

(Continued on page 5)

(Continued from page 4 - For unto us...)
ah and be the people through whom the whole earth will be blessed.

It is written: **For unto us a child is born, unto us a Son is given; and the government will be upon his shoulder. (Isaiah 9:6)**

This promise speaks of the Messiah, the Anointed One. And specifically, He is to be of Jewish birth – **"for unto us",** the Jewish people, **"a child is born."** No other religion, people or organisation can make such a claim and say it is truth.

The promised child Himself too is unique. **And his name will be called Wonderful, Counsellor, Mighty God, Everlasting Father, Prince of Peace." (Isaiah 9:6).** Whilst people may compliment each other with various accolades such as "He is wonderful," or "She is a caring counsellor", or "He is a father of everlasting virtue", only God Himself could be called Mighty God!

The promised child and son will be known by these attributes; they are His names. He will be full wonder, whereby people will be in awe at the depth of His wisdom and the goodness and greatness of His works. His counsel will be true and just. He will be God Himself demonstrating His power over the unseen as well as the seen. He will be a Father forever to those who are born of God. He will be the champion of peace who not only promises peace, but also is able to deliver and sustain it.

The Jewish people would know and recognise Him, saying, "He is God with us", as it is written. **"Therefore the LORD Himself will give you a sign: Behold, the virgin shall conceive and bear a Son, and shall call his name Immanuel.** (literally God with us) Isaiah 7:14.

Today the Jewish people await the arrival of the Messiah. They do so because God has promised that the Messiah would come to them, and they know God does not lie.

The Jewish people know that before the Messiah comes, one will come in the spirit of Elijah to prepare His arrival. **"The voice of one crying in the wilderness: Prepare the way of the LORD; make straight in the desert a highway for our God"** Isaiah 40:3.

They know that when the Messiah comes, He will be born in Bethlehem. **But you, Bethlehem Ephrathah, though you are little among the thousands of Judah, yet out of you shall come forth to me the one to be ruler in Israel, whose goings forth have been from old, from everlasting. Micah 5:2.**

They know that when the Messiah comes He will be heralded in Jerusalem, **"the city of the great King."** And though the crowd will be filled with joy and will announce Him as King, He will ride into Jerusalem on a donkey. **"Rejoice greatly, O daughter of Zion! Shout, O daughter of Jerusalem! Behold your King is coming to you; he is just and having salvation, lowly and riding on a donkey, a colt, the foal of a donkey" Zechariah 9:9.**

The Jewish people know that when the Messiah comes He will provide atonement for their sin, as it is written, **"Surely he has borne our griefs and carried our sorrows; yet we esteemed him stricken, smitten by God, and afflicted. But he was wounded for our transgressions, he was bruised for our iniquities; the chastisement of our peace was upon him, and by His stripes we are healed. Isaiah 53:4-5.**

AND ALL THIS JESUS OF NAZARETH HAS ACCOMPLISHED. John, son of Zechariah (John the Baptist) announced Him as **"the lamb of God who takes away the sin of the world" John 1:29.** Jesus was born in Bethlehem. He was heralded as King riding of a donkey. And He died sinless, to provide atonement for sin. Romans chapter 11 explains that the Jewish people were partially blinded from recognising the Messiah for our sakes — so that we, the Gentiles, could come to salvation. (Rom. 11:25)

God has indeed been faithful by sending His son, Jesus, and He is without doubt the Messiah. The Jewish people therefore have a unique position, because unto them and through them the Messiah came to save all of mankind! Yes, Praise be to God, Jesus came and affirmed, **I am the way, the truth, and the life. No one comes to the Father except through Me. John 14:6.** □

GELOOF IN DIE WOORD / FAITH IN THE WORD

Daar is geen kopiereg op enige van ons kassette en visuele materiaal nie en daarom wil ons u aanmoedig om kopieë daarvan te maak en te versprei so dat die Woord van ons Hemelse Vader uitgedra kan word. Ons vra egter dat dit nie gedoen sal word vir finansiële gewin nie.

***

There is no copyright on any of our audio and visual material, and therefore we would like to encourage you to copy and distribute in order to spread the Word of God. We do however request that this is not done for financial gain.

A LIGHT THAT SHINETH IN A DARK PLACE

The unique characteristic about the Bible is its *prophecies.* Bible scholars have declared that there are over 6000 prophecies given by God to His servants and recorded in His Word, and most of them have already come to pass, just as He said ! The Apostle Peter says that the fact that the prophetic word, given by God Himself and has come to pass, is more of a witness, a confirmation that God is who He says He is, than the actual physical experience they have had when walking with Jesus. Peter was speaking about their encounter with Jesus on the mount of transfiguration, when he declared: **We have also a more sure word of prophecy; whereunto ye do well that ye take heed, as unto a light that shineth in a dark place, until the day dawn, and the day star arise in your hearts: Knowing this first, that no prophecy of the scripture is of any private interpretation. For the prophecy came not in old time by the will of man: but holy men of God spake *as they were* moved by the Holy Ghost. (2 Pet. 1:19-21)**

All prophecy in the Bible is Holy Spirit inspired, that is God given! Men wrote what God told them to write. **All scripture *is* given by inspiration of God, and *is* profitable for doctrine, for reproof, for correction, for instruction in righteousness: (2 Tim. 3:16)**

There are many prophecies in the Bible about many different things. But the most important prophecies centre around the person of the Lord Jesus Christ. There are approximately 300 definable prophecies about the coming Messiah, and Jesus fulfilled thirty-three of these on the day He died. The following are 8 of these prophecies:

1. Messiah to Be Born in Bethlehem.

In the Old Testament we read, **"O Bethlehem Ephrathah, you are but a small Judean village, yet you will be the birthplace of my King who is alive from everlasting ages past" (Mic. 5:2).**

The New Testament says, **"Jesus was born in the town of Bethlehem, in Judea, during the reign of King Herod..." (Matt. 2:1).**

2. Messiah to Be Preceded by a Messenger.

The Old Testament states, **"The voice of him that crieth in the wilderness, Prepare ye the way of the Lord, make straight in the desert a highway for our God" (Isa. 40:3).**

The New Testament reads, **"In those days John the Baptist came preaching in the wilderness of Judea and saying: `Repent, for the Kingdom of Heaven is at hand!' For this is he who was spoken of by the prophet Isaiah saying: `The voice of one crying in the wilderness: Prepare the way of the Lord, make His paths straight'" (Matt. 3:1-3).**

3. Messiah to Enter Jerusalem on a Donkey.

The Old Testament says, **"Rejoice greatly, O daughter of Zion; shout, O daughter of Jerusalem: behold, thy King cometh unto thee: he is just, and having salvation; lowly, and riding upon an ass, and upon a colt the foal of an ass" (Zech. 9:9).**

The New Testament states, **"Tell the daughter of Zion, `Behold, your king is coming to you, Humble, and sitting on a donkey, and a colt, the foal of a donkey'" (Matt. 21:5).**

4. Messiah Betrayed by a Close Friend.

The Old Testament reads, **"Even my bosom friend in whom I trusted, who ate my bread, has lifted his heel against me" (Ps. 41: 9).**

The New Testament reads, **"Judas Iscariot, who also betrayed him" (Matt. 10:4).**

5. Messiah Sold for Thirty Pieces of Silver.

In the Old Testament it says, **"So they weighed for my price thirty pieces of silver" (Zech. 11:12).**

The New Testament fulfilment is, **"Then Judas, who had betrayed Him,...brought back the thirty pieces of silver to the Chief priests and elders" (Matt. 27:3).**

6. Messiah Silent Before His Accusers.

The Old Testament states, **"He was oppressed, and he was afflicted, yet he opened not his mouth" (Isa. 53:7).**

The New Testament reads, **"But Jesus said nothing, much to the governor's surprise" (Matt. 27:14).**

7. Messiah's Hands and Feet Pierced.

The Old Testament says, **"They pierced my hands and my feet" (Ps. 22: 16).**

The New Testament fulfilment is, **"There they crucified him" (Luke 23:33). (When Jesus was crucified, His hands and feet were pierced.)**

8. Messiah Numbered With Transgressors.

The Old Testament reads, **"And he was numbered with the transgressors" (Isa. 53:12).**

The New Testament fulfilment reads, **"Then were there two thieves crucified with him" (Matt. 27:38).**

The probability that any one person would "just happen" to fulfil these eight prophecies by chance or coincidence, is practically impossible. The probability is one in ten to the seventeenth power. That is a one with seventeen zeros after it. This is a number so big that we can't even begin to understand it. The probability of all these prophecies having been fulfilled is so immense that there are not enough drops of water in all the oceans to fulfil this equation. Therefore a*nyone would be foolish to believe that just these **eight prophecies alone** could be given by human wisdom and fulfilled by one man, through coincidence.* There is only one reasonable explanation and that is what Peter declared: **"For no prophecy recorded in Scripture was ever thought up by the prophet himself. It was the Holy Spirit within these godly men who gave them true messages from God" (2 Pet. 1:21).**

The prophet Isaiah said, **"The grass withers, the flower fades, but the word of our God will stand forever" (Isa. 40:8).** We who are believers in our Lord Jesus Christ, have discovered that **"some sure Word of God",** hallelujah! And as we apply it to our lives, *it surely will carry us through in this end time battle as we continue fighting the good fight of faith!*

As I have already mentioned, there are in total about six thousand prophecies covering a multiple of other subjects of which 95 % have already been fulfilled in detail. Others, particularly those pertaining to these last days in which we are now living (just before the coming of Jesus), are being fulfilled before our very eyes. We are all aware of the chaos and anarchy in the whole world today! In our own country the strikes, corruption and lawless can be seen on the T.V. every day, and rebellion towards God and His Word abounds! This was prophesied in the Word 2000 years ago!

This know also, that in the last days perilous

(Continued from page 6)

times shall come. For men shall be lovers of their own selves, covetous, boasters, proud, blasphemers, disobedient to parents, unthankful, unholy, Without natural affection, trucebreakers, false accusers, incontinent, fierce, despisers of those that are good, Traitors, heady, highminded, lovers of pleasures more than lovers of God; Having a form of godliness, but denying the power thereof: from such turn away. (2 Tim. 3:1-5)

Another of these present day prophecies being fulfilled is: **"Behold I will make Jerusalem a cup of trembling unto all the people round about, when they shall be in the siege both against Judah and against Jerusalem. And in that day I will make Jerusalem a burdensome stone for all people: all that burden themselves with it shall be cut in pieces, though all the people of the world be gathered against it." Zech. 12:2-3.**

Not one prophecy is found in the religious books of Islam, Hinduism, Buddhism or for that matter any other religion! God has given the Jew and the Christian the proof that the Bible alone is His Word, and that He is who He says He is. His Word, the Bible changes people's lives. God is a life-changing God, therefore, any book He wrote would be full of His life, breathed into the very words themselves. And when people seek to know God, the Word of God comes alive in their hearts. And as the Word of God forms and grows in them, the Holy Spirit transforms them by renewing their minds and changing the desires of their hearts.

King David said it this way, **"Wherewithal shall a young man cleanse his way? By taking heed thereto according to thy word. With my whole heart I have sought thee: O let me not wander from thy commandments. Thy word have I hid in my heart that I might not sin against thee" (Ps. 119:9-11).**

The Word of God has changed my life. If you will open your heart to God, it will change yours as well. Jesus said in John 6:63, that His Words are Spirit and they are Life and in these times we need, more than ever before, the power and Life of God's Word as our anchor and our strength.

Thy word *is* a lamp unto my feet, and a light unto my path. (Psalm 119:105) □

uit **Dr James se kantoor**

Geliefdes,

Ek kan skaars glo dat dit die laaste "Uit Dr James se kantoor" is vir hierdie jaar. Hierdie jaar het waarlik verby gevlieg en ek voel altyd dat ons die tyd moet delg omdat die dae waarin ons leef waarlik die laaste van die laaste dae is. 2012 was 'n baie produktiewe jaar vir die Sentrum gewees. Die Here het ons wonderlik geseën met Sy liefde, beskerming, openbaring van Sy Woord en voorsiening. Weereens wil ons almal by die Sentrum elkeen van julle bedank vir al die insettinge wat julle in ons lewens hierdie afgelope jaar gegee het. Baie dankie vir al julle oproepe, briewe, getuienisse, gebede en finansiële ondersteuning. Ons gee voortdurend alle dank en eer aan ons Hemelse Vader vir julle gehoorsaamheid om gewillige kanale van Sy voorsiening te wees deur om te bid en vrywillig te gee. Mag julle oorvloedige seën ontvang vir alles wat julle gedoen het tot die eer van die Here hierdie afgelope jaar sodat die Woord van Waarheid duisende kosbare siele kon bereik.

Dit is alleen die Woord van God wat Red, Vrymaak en Genees, soos God se Heilige Gees dit volbring in die Naam van Jesus in die lewens van die wat op Hom vertrou. Die wins van julle aandeel om ons by te staan en wat dit vir ons moontlik maak, wag vir julle in die Hemel en is van Ewige Waarde. Baie dankie vir julle gebede wat ons gedurende 2012 gedra het. Baie kosbare siele is gewen vir die koninkryk van ons Hemelse Vader, soveel mense is verlos van die onderdrukking van die vyand en ons juig oor die vele liggame wat genees is en siele wat gered was. Alle eer aan ons Hemelse Vader en ons Here Jesus wat dit alles moontlik gemaak het deur Sy Kruisdood. Ons Vader is getrou en regverdig en ons kan nie begin om die dankbaarheid wat in ons harte is teenoor Hom, uitspreek nie, dit is te groot, te veel en oorweldigend. Dankie Here!!

Ons vertrou dat die eksamen uitslae bo alle verwagtinge sal wees want ons het ernstig vir al die skoliere en studente gebid. En ons loof en prys die Here vir die wonderlike tyd van rus en vakansie wat vir almal voorlê, ons bid vir die Here se beskerming en dat elkeen tydens hierdie vakansie geseënd sal wees.

Hou julle oë na die Hemele gerig!! Jesus se koms is naby! Met baie liefde.

Dr James

Ons God van wonderwerke.....Briewe wat getuig van die Here se goedheid en getrouheid

Ons wil ook vir julle dankie sê vir julle voorbidding vir Paul. Toe ons julle geskakel het, nadat hy reekse toetse ondergaan het, met die nier probleem wat sy bloeddruk die hoogte laat inskiet het, en sy voete en bene en hande laat opswel het, met die veel protëine en bloed uitskeiding het die spesialiste tot die slotsom gekom dit kan beenmurgkanker wees, of 'n fout met die lewer. Op daardie stadium het hulle ons laat verstaan dat dit nie 'n goeie prognose was nie. Hy was ook baie swak. Ons Hemelse Vader het ons gebede gehoor. Daardie toetse was ook negatief na ons oproep na julle. Ons Groot Geneesheer, wat ons geformeer het en genees het deur Jesus se wonde wie se Naam bo elke krag en mag en heerskappy is, vir Hom sê ons nederig baie, baie dankie. Dankie aan julle vir julle gebede en voortdurende inspirasie.

Mev J Kotze, Swellendam

Baie dankie vir julle voorbidding. Die Here stort daagliks Sy goedheid oor ons uit. My man het by die hospitaal omgedraai (die neurochirurg wou sy rug opereer), die Here vertrou en hy is genees – volmaak!

Deur Jesus se wonde is hy genees! Ons prys die Here vir elkeen van julle. Baie dankie vir u liefde en aanmoediging, ons bid gereeld vir u, en ons is baie lief vir u.

Nico Pretorius, Bellville

Omtrent 2 jaar gelede het u vir my gebid vir my katarakte op die oë, en toe ek by die spesialis kom kon hy geen katarakte kry nie!! En verlede maand het ek weer laat toets en nog steeds geen katarakke!!

Mev S Cloete, Jeffreysbaai

Ek het gebel en gebed gevra vir my seun, Johan wat Oktober baie toetse ondergaan het. Die simptome het gelyk soos hartprobleme. Almal se gebede het God gehoor. Toe hy opgeneem is in hospitaal vir 'n angiogram, die uitslag is niks verkeerd nie, net stres en spanning as gevolg van werksomstandighede. Halleluja!! Ek was so dankbaar en verlig!

Mev T Jansen, Pretoria

Ons staan voor baie nuwe uitdagings wat ons Vader oor ons pad laat kom. Mag die Here julle versterk, verlig en deur dra sodat julle sal weet hoe om elke situasie te hanteer soos Jesus dit sou doen.

Die Vader het my aangeraak van 'n geweldige maag aandoening deur die lees van die blad. Ek het gedoen wat u gesê het en God doen toe Sy deel nl. genees my oombliklik. Ek eer Hom daarvoor!! Is Hy nie wonderbaar nie!! Gods rykste seën u toegebid.

Mev P Schoeman, Durban

Weet u groot was my blydskap toe my oë eendag so twee maande terug oopgaan om op te merk dat die dermatitis het na omtrent 19 jaar deur gebed verdwyn soos mis voor die son. Ek verstaan nou hoekom Lukas 18:1 sê dat ons nie mismoedig moet word nie, maar dat ons moet bid sonder ophou, want volgens Lukas 1:37 is niks by God onmoontlik nie. Dankie ook vir u gebede wat uitgaan in verband met die ander gebedsversoeke wat ek aan u gerig het. Ek is ook dankbaar dat God my die genade kans gee om oor 'n wonderwerk te kan getuig aan honderde mense wat Hy aan my gedoen het. Ek wil dit ook graag pertinent aan elke bloedgewaste Christen stel, dat u God se Genade troon kan nader met enige versoeke, want mense kan niks vir ons doen nie, maar God is ons vertroue waardig. God seën.

Mev Pauline Paulsen, Gobabis

Hiermee rig ek die brief vandag aan u om my vreugde en blydskap met u te deel. Baie dankie vir die voorbidding. Vandag kan ek nie kla nie. Ek beweeg nou elke dag sonder my krukke en dan het ek ook geen pyn. My seun drink ook nie weer nie en ons gaan ook nou saam kerk toe. Dit is so wonderlik, want stryery is daar nie weer nie. Ek kan u nie genoeg bedank nie. Ek bly nogsteeds elke dag op my knieë.

Mev Sofia van der Westhuizen, Klerksdorp

Ons Hersiende Boeke

"KAN WOORDE JOU LEWE REAGEER?" (BOEK M5)

&

"HOE KAN EK VERLOS WORD VAN VREES?" (BOEK M7)

is nou beskikbaar.